higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1410**(A)**(N26)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N5

(5070035)

26 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Netheid, styl en die uitleg van antwoorde is belangrik.
4. Begin elke vraag op ‘n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Let op die puntetoekenning in die vraestel.
7. Beantwoord al die vrae binne die praktiese konteks van die gegewe situasie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het onlangs ‘n beleid uitgereik waarin daar van studente vereis word om hul jaarpunt te slaag en 80% bywoning te behaal om te kwalifiseer vir die eksamen. As die Openbare Skakelwese Praktisyn vir Valsbaai Kollege word daar van jou vereis om studente in te lig oor die onlangse ontwikkelings.

Beplan ‘n Openbare Skakelwese Program, deur van die SEWE sleutel elemente gebruik te maak, om die nuwe inligting aan die studente in jou Kollege aan te bied. (14 + 26) (40)

1.2 Noem VYF take van die openbare skakelwese praktisyn. (5)

1.3 Noem VYF areas waarin openbare skakelwese ‘n betekenisvolle rol kan speel. (5)

[50]

VRAAG 2

2.1 Skakeling (‘Networking’) is ‘n belangrike sakepraktyk wat bestaan uit die opbou van professionele kontakte in die sakewêreld.

Bespreek VYF voordele van skakeling (‘networking’). (5 × 2) (10)

2.2 ‘n Openbare skakelwese praktisyn benodig ‘n diverse stel vaardighede.

Noem VYF vaardighede en vermoëns waaroor ‘n openbare skakelwese praktisyn moet beskik. (5)

2.3 Een van die studente wat jou openbare skakelwese program bygewoon het besoek jou kantoor om ‘n klag te lê teen ‘n sekuriteitswag wat hom tydens die geleentheid mishandel het.

Verduidelik kortliks hoe jy die klag sal hanteer. (5)

2.4 Watter VYF interne kommunikasie tegnieke sal jy gebruik om personeellede in te lig oor die nuwe DHOO beleid? (5)

2.5 Bespreek VYF doelwitte van die interne openbare skakelwese kommunikasie. (5 × 2) (10)

2.6 Watter beginsels moet jy ingedagte hou wanneer jy met werknemers kommunikeer? (5)

2.7 Voorsien kortliks ‘n voorbeeld vir elk van die volgende terme:

2.7.1 Diagonale kommunikasie

2.7.2 Horisontale kommunikasie

2.7.3 Formele kommunikasie

2.7.4 Afwaartse kommunikasie

2.7.5 Informele kommunikasie

(5 × 2) (10)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Een van jou studente is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig tydens 'n internasionale uitruilprogram vir studente. Die student sal vir die volgende twee jaar oorsee studeer.

Noem en voorsien toepaslike voorbeelde van kruiskulturele nie-verbale kommunikasie wat die student ingedagte moet hou tydens haar besoek oorsee. (5 × 3) (15)

3.2 Een van die take van die openbare skakelwese praktisyn is om nuwe personeel van die maatskappy op te lei. Suzy, wat 'n nuwe sekretaresse is, is ongelooflik gewillig maar nie baie ervare nie.

Gee vir Suzy 'n paar wenke ten opsigte van die korrekte stemtegniek om te gebruik wanneer die telefoon beantwoord word. (5)

3.3 Noem VYF soorte gespesialiseerde tydskrifte en gee 'n voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

3.4 Noem SES faktore wat jy ingedagte moet hou met die kies van toepaslike media. (6)

3.5 Wat is die VIER breë kategorieë van massa media? (4)

3.6 Voor die bekendstelling van jou openbare skakelwese veldtog, besluit jy om 'n persverklaring uit te stuur om die publiek in te lig oor die geleentheid.

Noem en bespreek VYF uitleg faktore wat jy ingedagte moet hou met die voorbereiding van die persverklaring. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Bespreek VYF riglyne wat jy ingedagte sal hou met die voorbereiding van 'n persverklaring. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VIER faktore wat ons verhoudings met belanghebbendes beïnvloed. (4)

4.3 Hoe kan ons 'n goeie verhouding met die media handhaaf? Noem SES maniere. (6)

4.4 Daar is 'n toestand van wedersydse afhanklikheid tussen organisasies en hul belanghebbendes. Waarom dink jy is die volgende belanghebbendes belangrik?

4.4.1 Kliënte/klante (3)

4.4.2 Verskaffers (2)

4.4.3 Die staat (3)

4.4.4 Aandeelhouers (2)

4.5 Noem VYF voordele wat ‘n maatskappy met ‘n goeie korporatiewe beeld sal hê? (5 × 2) (10)

4.6 Jy word deur jou hoof uitvoerende beampte (HUB) gevra om die maatskappy se korporatiewe embleem te herontwerp aangesien dit verouderd is.

4.6.1 Watter VYF beginsels van ontwerp sal jy ingedagte hou met die ontwerp van die nuwe embleem?

4.6.2 Noem VYF voorbeelde van items waarop die nuwe embleem gedruk kan word.

(2 × 5) (10)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou